ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za
www.minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

MOSAMBIEK en SWAZILAND
4 – 11 JULIE 2020

MOSAMBIEK, eens 'n baie gewilde plek vir vakansiegangers vanaf die destydse Transvaal, was **17 jaar lank gewikkel in 'n oorlog.** Na die oorlog is daar na **Mosambiek** verwys as een van die armste lande in die wêreld. Murasies en verwaarloosde geboue kan nog steeds in sekere dele gesien word en 'n mens kry die indruk dat daar nog steeds baie arm mense woon. Daar is egter baie vooruitgang en nuwe ontwikkelinge.

*'n Paar woorde wat u solank kan leer is: Vriend - **Amigo,** Goeie middag - **Boa Tarde,** Goeienaand - **Boa noite,** Goeiemore - **Bom dia,** Totsiens - **Adios.***

4 Jul
Ons vertrek om 06:00 vanaf die Garden Court Hotel, **Pretoria** Ons volg die N4 na Mpumalanga en stop so elke 2 – 2 ½ uur om bene te rek. Ons roete neem ons deur Mpumalanga tot by **Komatipoort.** Ons gaan **Mosambiek** binne by die **Ressano Garcia** grenspos waar ons doeane formaliteite sal afhandel. U **paspoort moet ten minste nog geldig wees vir 6 maande.** U het nie 'n visum nodig nie. Ons reis verder tot in **Maputo, die ou Lorenzo Marques** van die sestigerjare, waar ons vroegmiddag sal aankom. Ons geniet die mooi uitsig en kuier lekker saam. **Aandete en oornag Maputo**

5 Jul
Na 'n **heerlike ontbyt** besoek ons die **Trichardt Monument** wat altyd soos 'n oase in 'n woestyn is. Hierdie monument is opgerig ter nagedagtenis aan die Voortrekkers wat opsoek was na 'n seeroete verby Mosambiek, toe **Delagoabaai** genoem.

Die **Monumente kommissie** van Suid Afrika in samewerking met die **Suid Afrikaanse Ambassade** hou die perseel instand. Reg rondom die Monument kan verwaarloosde woonstelblokke gesien word met klere wat oor balkonne hang. **Ons besoek ook die Stadsmuseum** wat 'n interessante **uitstalling het van olifant fetusse.** Daar is ook uitstallings van vlinders, visse, slange, bokke en olifante. Dis ongelooflik dat die plek deur al die jare van oorlog so behoue kon bly.
Ons sien ook die gerestoureerde **Stasiegebou.** Hierdie Victoriaanse gebou was **ontwerp deur Gustave Eiffel in 1910**. Hy het gietyster gebruik vir die dakkoepel En marmer vir die buite pilare en boë. Ons besoek ook die pragtige Katedraal wat in 1936 gebou is. Ons eet middagete by die Restaurant naby die Hawe (eie koste). In die namiddag besoek ons die **Vismark** en staan verstom oor alles wat die see ons gee om te eet, party nogal grillerig! **Aandete en oornag Maputo.**

6 Jul
Na ontbyt besoek ons die Algemene Mark en vertrek dan in die rigting van **Bilene**, die ou **San Martino** van die 1960's. Ons ry deur verskeie dorpies en bereik ons Lodge teen middagete. Vir die res van die dag kan u ontspan langs die Uembje meer wat 13km lank is. Onthou asseblief om u swemklere saam te bring! U kan heerlik in die water en op die strand ontspan of 'n lang ent stap langs die meer. Ons geniet die pragtige omgewing. **Aandete en oornag Bilene.**

7 Jul
Na 'n lekker ontbyt kan u ontspan vir die res van die dag en die mooi omgewing geniet! U kan die interessante plaaslike mark besoek waar hulle 'n verskeidenheid items soos kuns en kunsvlyt artikels, sarongs, rokke, hoede en skilderye verkoop. U kan ook weer langs die meer gaan stap of op die sand ontspan. Daar sal miskien ook 'n moontlikheid van 'n opsionele bootvaart op die meer wees! Daar is 'n verskeidenheid restaurante in Bilene wat spesialiseer in seekos! U kan gerus uself bederf met seekos vir middagete. **Aandete en oornag Bilene**

8 Jul
Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons terug na Maputo en reis tot by die Ressano Garcia Grenspos. Ons ry in die rigting van Komatipoort, Malelane en swenk weg na die grenspos Jeppes Reef en Matsamo waar ons Swaziland binnegaan. Dertig kilometer van die grens af oornag ons by die Piggs Peak Hotel. **Aandete en oornag Piggs Peak Hotel.**

9 Jul
Na ontbyt vertrek ons in die rigting van die **Ezulweni vallei** waar ons die **Swazi Matte en Kerse besoek asook die Baobab Batiks**. Op ons roete besoek ons baie **kuns en handwerk stalletjies.** Voor ons terugdraai na ons Hotel, besoek ons laastens die **Ngwenya Glasfabriek** en het die geleentheid om te sien hoe hulle glas blaas en vorm. U kan ook aankope doen by die talle stalletjies op die roete. **Aandete en oornag Piggs Peak Hotel.**

10 Jul
Na ontbyt vertrek ons terug na die grenspos en handel doeane aktiwiteite af. Hiervandaan ry ons tot by **Krokodilbrug** waar ons **Krugerwildtuin** binnegaan. Ons ry in die rigting van **Onder Sabie Ruskamp** terwyl ons na die diere soek. Hiervandaan reis ons na **Skukuza Ruskamp** waar ons middagete eet. Ons gaan by die **Krugerhek uit** en reis daarvandaan na **Hazyview** waar ons oornag. **Aandete en oornag Hazyview.**

11 Jul
Ons sit aan vir 'n heerlike ontbyt en vertrek daarna na **Graskop** en besoek **African Silk**. Ons volg dan die roete na **Sabie** waar ons die **houtmuseum** besoek. Ons ry oor die **Longtompas** en stop by die uitkykpunt en verwonder ons aan die mooi natuur. Ons verwyl tyd by Dullstroom en geniet die talle winkeltjies en restaurante. **Harry's Pancakes** spesialiseer in gevulde pannekoeke! Ons arriveer **ongeveer 17:30** in Pretoria met wonderlike herinneringe aan **Mosambiek, Swaziland en die Wildtuin**

MOSAMBIEK			4 – 11 JULIE 2020	
Deposito	**Prys**	**Enkelbybetaling**	**Vertrek om**	**Opklimpunt**
R2 000	**R11965**	R2877	06:00	Garden Court Hotel- Pretoria
Bankbesonderhede		• Naam van rekening: AMT (African Meander Travel) • FNB Tjekrekening • Rek nr 62616861507 • Takkode 254005		
Wisselkoers		• Hierdie toer se prys is onderhewig aan veranderinge in die koers, aangesien ons in US$ betaal in Mosambiek		
Verwysingsnommer		• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: • MOS gevolg deur u van [bv MOS-Malan]		
Kontant inbetalings		• **MOET ASB NIE KONTANT IN ONS REKENING INBETAAL NIE** • **FAKS ASB DIE INBETALINGSTROKIE NA 086 628 6146 OF EPOS NA info@minnaartoere.co.za MET U NAAM, VAN EN TOER WAARVOOR U DIE INBETALING GEDOEN HET.**		
Deposito		• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.		
Paspoort		• U benodig ´n paspoort en dit moet nog vir 6 maande geldig wees • ‘n Visum is nie meer nodig nie.		
Toerprys sluit in		• Luukse busvervoer • Goeie akkommodasie • Twee etes daagliks - ontbyt en aandete • Toegangsgelde vir besienswaardighede soos op program aangedui.		
Toerprys sluit uit		• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 pp fooitjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R80 pp bydrae vir busbestuurder		
		• Alle roetes, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering.		